
# 417 Sien jy die ongetelde skaar




Wie is dié Jesus en waarom
verdring die grote skare Hom?
'n Vreemde hier, het Hy dan krag
om só die volk te trek met mag?
En nogmaals klink die stem so bly:
"Jesus van Nasaret gaan verby!"

***R.*** *'n Sagte stem roep uit die ry:*
*"Jesus van Nasaret gaan verby!"*

Dis Jesus, wat die weg van wee,
die doring weg vir ons betree;
die krankes bring hul uit na Hom;
Hy toon gena aan doof en stom;
Die blinde sien en juig weer bly:
"Jesus van Nasaret gaan vverby!" ***R.***

O, siel, beswaard en radeloos,
kom nou na Hom om rus en troos!
En het jy van Hom weggegaan,
keer weer en neem sy heilswoord aan!
Beswaarde, uitkoms is naby:
"Jesus van Nasaret gaan verby!" ***R.***

Etta Campbell (1863-?) T.E. Perkins (1831-1912)